

Les 08 GELIEFDE KINDERS: GOD SE WOORD WYS VIR SY KINDERS BAIÉ DUIDELIK HOE OM HOM TE GEHOORSAAM

1. Die Tweede Gebod

Die tweede gebod in die Tien Gebooe klink só: *“Jy mag nie vir jou ’n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie.”* (Eksodus 20). Die beeld of afbeelding wat hier van gepraat word, is prentjies en uitbeeldings.

Mense mag van alles waaraan hulle dink en alles wat hulle beleef, prentjies maak. Ons sien hierdie prentjies elke dag in mooi skilderye teen mure, in advertensies op die TV en in al die prentjies op die rekenaar, op selfone en op die internet. Mense mag ook uitbeeldings maak van alles wat hulle sien, voel en beleef. Ons sien hierdie uitbeeldings in al die kunsbeelde wat mense maak wat in parke of in kunsmuseums staan. Maar julle sien hierdie uitbeeldings ook in al die speelgoed – ‘Superman’, ‘Spiderman’, speelgoedsoldaatjies of ‘Transformers’. Dit is speelgoed-uitbeeldings van idees en prentjies wat mense self uitdink.

Maar mens mag nooit ’n prentjie of uitbeelding van God maak nie.

2. Prentjies en uitbeeldings is net die verbeelding van mense

Is daar regtig iemand soos ‘Superman’ of ‘Spiderman’, en is daar regtig sulke goed soos ‘Transformers’? Daar is nie regtig sulke mense of sulke goed nie. Dit is maar net iets wat mense in hulle verbeelding maak. Die prentjies en uitbeeldings wat mense van ander mense, diere of die natuur maak, is ook nie regtig mense, bome, wolke of water nie. Dit is net uitbeeldings van hoe mense hierdie dinge sien, daaroor dink, of dit beleef.

Dit is waaroor prentjies en uitbeeldings gaan:

- Dit gaan oor hoe ons dink iets kan wees. Ons dink iemand kan supersterk wees, en dan dink ons dit is iemand soos ‘Superman’. Maar hierdie mens bestaan nie regtig nie. Dit is net ons verbeelding.
- Dit gaan oor hoe ons vóél iets kan wees. Ons voel dat ons, net soos masjiene, kragtig kan wees en dan maak ons uit ons gevoelens iets soos ‘Transformers’ – ons kan sommer net so van vorm verander en dan is ons groot en magtige masjiene.
- Dit gaan oor hoe ons dinge belééf. Ons beleef alles voel vir ons swaar en of alles misluk, en dan lyk alles sommer so blou soos ’n blou Maandag. Dan teken ons alles blou want alles lyk vir ons blou. Of as ons verlief raak, dan lyk alles vir ons soos rooi, geel en oranje blomme en dan sien en teken ons alles met helder, vrolike kleure. Maar dit is nie regtig so blou of so rooi soos ons voel nie. Dit is maar net hoe ons dinge ervaar wat maak dat ons al hierdie kleure sien.

3. Die Here sê vir ons in Sy Woord wat Hy vir ons wil sê

Die Here laat ons nooit dink of wonder wie Hy is nie. Die Here laat ons ook nooit dink of wonder wat Hy wil hê ons moet doen nie. Die Here sê altyd vir ons in en deur Sy Woord wie Hy is, en wat Hy wil hê ons moet doen. Kyk hoe begin die Tien Gebooie: *“Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: ² “Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.”*

Die Here sê vir hulle Hy is die Here wat hulle uit Egipte verlos het. Hy sê vir hulle dit is Hy wat al die wonders in Egipte gedoen het. Hulle hoef nie te dink en te wonder wie God is nie. Hy sê vir hulle baie duidelik wie Hy is.

Hulle hoef nie te dink of te wonder wie die water in bloed verander het nie. Hulle hoef nie te dink of te wonder wie die bytmuggies, sprinkane, steekvlieë en paddas in hulle miljoene oor die land laat kom het nie. Die Here het vir hulle tóé gesê dit is Hy, en nou sê Hy wéér vir hulle wie is Hy.

Net so sê die Here vir hulle baie duidelik hulle moet hulle ouers eer, nie steel nie, nie egbreuk pleeg nie, nie doodmaak nie, nie leuens vertel nie en nie begeer wat nie hulle s'n is nie.

Die Here sê vir hulle deur Sy Woord alles wat hulle moet weet.

Die Bybel is die Woord van die Here. In die Bybel sê die Here vir ons alles wat ons van Hom moet weet, en sê Hy vir ons alles wat Hy wil hê ons moet doen. Ons hoef nooit vir onself te gaan dinge uitdink oor die Here, of te wonder oor die Here nie. Hy praat met ons in en deur die Bybel. Hy wys vir ons alles oor Homself in en deur die Bybel.

4. Wat God vir ons in Sy Woord sê, is só duidelik dat ons presies weet hoe om te luister

Alles wat die Here vir ons in Sy Woord sê, is duidelik. Niks is verskriklik moeilik om te verstaan nie. Die Here praat nie in raaisels en geheime taal sodat niemand weet wat Hy bedoel nie. As die Here sê Hy het alles gemaak – dan is dit duidelik verstaanbaar. As die Here sê Hy het die wonders in Egipteland gedoen – dan is dit duidelik verstaanbaar. En as die Here vir ons in Sy Tien Gebooie sê wat om te doen – dan is dit ook baie duidelik en verstaan ons dit heeltemal.

Elke kind weet presies dat dit verkeerd is om te steel. Selfs al is hulle nog net drie of vier jaar oud, weet hulle hulle mag nie hulle boeties of sussies se speelgoed vat nie. Elke kind weet dat hulle nie lelik met hulle ouers mag wees nie – al is hulle nog amper net twee of drie jaar oud. Elke kind weet dat hulle ouers net vir mekaar mag lief wees, en dat Pappa of Mamma nie vir ander ooms en tannies mag lief wees nie.

Ons weet dit alles – omdat die Here se Woord so helder en duidelik is. Hy praat met ons deur Sy Woord, die Bybel. Ons hoor en verstaan baie duidelik alles wat die Here sê.

5. God wys dat ons Hom nie kan uitbeeld met ons verbeelding nie

Hoekom mag ons nie van God prentjies of uitbeeldings maak nie? Hoekom mag ons nie van God 'n beeldjie maak soos ons van 'Superman' of 'Spiderman' maak nie? Hoekom mag ons nie van God 'n prentjie teken soos ons van alles wat ons kan dink of beleef, prentjies teken nie?

Want ons kan ons nooit verbeel hoe die Here is nie! Hy is nie iets wat ons met ons verbeelding kan maak nie. Hy is regtig God en dit is altyd iets anders as ons verbeelding. Die Here is altyd orals – en ons kan ons dit nie verbeel nie. Die Here is onsigbaar – ons kan God nooit met ons oë sien nie, en daarom kan ons ook nie verbeel hoe Hy onsigbaar is nie. Die Here is oneindig. Ons kan nooit dink of weet hoe dit is nie. Daarom kan ons nooit 'n idee of prentjie kry hoe dit is nie. Die Here is altyd met ons, maar ons kan nooit aan Hom voel of raak nie. Daarom kan ons die Here nie beleef soos ons alles anders beleef nie. Daarom kan ons nie prentjies of uitbeeldings maak van hoe ons God beleef nie.

Daarom is die enigste manier waarop ons kan weet wie die Here is, as Hy dit vir ons in en deur Sy Woord sê. En dit doen die Here baie duidelik en verstaanbaar.

Kyk hoe wonderlik is dit: God is onsigbaar, altyd orals, altyd met ons, altyd anders as wat ons kan dink, sien, voel en beleef, maar alles wat die Here vir ons wil sê, hoor en verstaan ons in Sy Woord.

Dit is hoe die tweede gebod vir ons wys hoe om God lief te hê: ons moet ons nooit verbeel wie die Here is nie, ons moet na Sy Woord luister as ons wil weet wie Hy is en wat Hy wil hê ons moet doen.

6. Israel sê hulle kan self dink, voel en beleef hoe God is

Die Here het vir die Israeliete gesê hulle moet wag dat Hy vir hulle Sy Woord gee – Sy Tien Gebooie. Sy Woord sal vir hulle duidelik en verstaanbaar wys wie Hy is: die God wat hulle uit Egipte verlos het, en wat Hy van hulle wil hê in tien duidelike verstaanbare gebooie.

Wat maak hulle? Kyk wat doen hulle in Eksodus 32:

“Toe die volk sien dat Moses talm en nie van die berg af kom nie, het hulle om Aäron saamgedrom en vir hom gesê: “Kom maak vir ons 'n god dat hy ons kan lei.....³ Die hele volk het toe die goue ringe van hulle ore afgehaal en dit vir Aäron gebring.⁴ Hy het dit

van hulle ontvang, dit verwerk en daarvan 'n beeld in die vorm van 'n bulkalf gemaak. Toe sê die volk: "Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!" (Eksodus 20)

Onthou, hulle wil nie die Here liefhê nie. Hulle wil baas wees. Hulle kan glad nie baas wees as die Here duidelik en verstaanbaar met hulle praat, en hulle moet doen wat die Here sê nie. As hulle moet luister en doen wat die Here sê, kan hulle nie baas wees nie. Kyk watter plan maak hulle nou om baas te wees! Hulle maak asof God onverstaanbaar is! Hulle maak asof God hulle nie lei op só 'n manier dat hulle weet wie Hy is, en wat hulle moet doen nie. Hulle maak asof hulle heeltemal verward en deurmekaar is, en God niks vir hulle sê nie. Daarom maak hulle nou asof hulle 'n god soek wat hulle makliker kan verstaan, en wat vir hulle baie duideliker wys wat om te doen, as wat die Here in Sy Woord gesê het. Hoe lyk hierdie god wat baie makliker is om te verstaan, en wat baie duideliker verduidelik wat hy wil hê, as wat die Here dit doen? Dit is 'n klein speelgoedbulkalfie van goud gemaak. Hulle maak van God 'n speelgoedkalf net soos 'n speelgoed-'Superman' of -'Spiderman'. Hierdie klein speelgoedbulkalfie wys vir hulle baie beter wie is die Here en wat wil die Here hê, as wat die Here in Sy Woord vir Sy kinders sê – só glo hulle!

Dink julle dat as hulle na hierdie speelgoedkalfie kyk, hulle kan sien God is onsigbaar? Dink julle dat as hulle na hierdie speelgoedkalfie kyk, hulle kan sien die Here is altyd en orals? Nee! Hierdie speelgoedkalfie maak alles oor die Here baie onduidelik en moeiliker verstaanbaar! Waar was die kalf toe die Here hulle in Egipte gered het? Hoekom lyk God nou soos 'n kalf? Hoe praat hierdie kalf met 'n mens? Hoe wys hierdie kalf wat God wil hê?

Maar vir hulle is hierdie kalf baie duideliker as wat God met hulle praat in Sy Woord! Hoe so? Want hulle wil nie die Here liefhê nie. Hulle wil nie Sy Woord hoor en luister nie. Hulle wil maar sommer net dink soos hulle wil, en dan doen wat hulle wil! Hulle wil nie verstaan wat die Here vir hulle sê nie. Hulle wil sommer net alles doen soos hulle voel om dit te doen. Hulle wil tekere gaan soos hulle wil, en dan later sê hulle het gedink die Here sê so! Hulle het gevóél die Here sê so! Hulle het hulle verbéél die Here sê so! En dan moet God maar net stilbly! Net soos 'Superman en 'Spiderman' stilbly, moet God ook stilbly.

Hulle wil nie hê die Here se Woord moet duidelik verstaanbaar wees nie. Want dan moet hulle doen wat die Here sê, en nie sommer alles wat hulle dink, of sommer net soos hulle voel nie. Hulle soek 'n god wat hulle hulle kan verbeel, net soos hulle hulle al die ander goed in hulle lewe verbeel.

Só is hulle baas: ons dink en doen net wat ons wil, soos ons wil. God moet maar alles aanvaar. Ons doen alles net soos wat ons dink en voel. En dan maak hulle asof God se Woord te moeilik is om te verstaan. Dit is hoe 'n mens beelde en uitbeeldings van God maak. Jy maak God die god van jou verbeelding, en jy luister nie meer na Sy Woord nie

7. Opsomming

Die Here wys ons baie duidelik en verstaanbaar in Sy Woord wie Hy is, en wat Hy wil hê ons moet doen. Dit is hoe ons die Here liefhet: ons luister na Sy Woord en doen wat Hy in Sy Woord vir ons sê. In afgodsdienste wil mense alles doen net soos hulle self dink of voel, en dan later sommerk gou-gou sê hulle het gedink of gevoel dit is hoe die Here dit wil hê. Hulle maak asof God nie regtig verstaanbaar en duidelik met ons in Sy Woord praat nie: Hy is sommerk speel-speel, nie regtig nie.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

Handtekening: ouer of voog